Van wat se wapens en ammunisie maak hulle gebruik of waar kry hulle dit in die hande? -- Die metode wat gevolg word is dat 'n sekere groep of 'n groep ingestuur word om skuilplekke te kom soek, wat as 'n basis kan dien, veiligheidsplekke wat hulle noem. Dan word 'n skuilplek - as daar 'n skuilplek gevind word, word 'n basis gebou waarin wapens en ammunisie wat onwettig die RSA binnegebring word, versteek word. Na die skuilplek klaar ingerig is, gaan die groep terug na die basiskamp, dan word 'n tweede groep ingestuur om verkenning te kom doen. Hierdie groep rapporteer dan weer terug en dan word 'n derde groep ingestuur wat dan die taak moet kom verrig. Dit is een metode. Daar is ook ander metodes, byvoorbeeld waar verskeie groepe - twee groepe inkom waar een persoon dan in beheer is van die twee groepe.

Die wapens, as 'n groep inkom, is dit gewoonlik beskikbaar by die basis? -- Dit is korrek. Die wapens is daar geredelik beskikbaar.

U het ook gemeld dat daar gebruik gemaak word van propagande metodes deur die ANC? -- Dit is korrek. Die ANC beskik oor twee vleuels, naamlik die militêre vleuel wat ek reeds genoem het en ook 'n politieke vleuel wat vir die tussentydse doelwitte seker die belangrikste vleuel is. Soos ek reeds gemeld het, het hulle nog die finale fase bereik nie. Hulle is nou in die twee fase, waar dit baie belangrik is om 'n rewolusionêre klimaat te skep wat ook die idee is met hierdie propaganda. Die propaganda word die Republiek ingebring deur middel van 'n koerierstelsel, deur middel van posverspreiding, ook deur middel van die radio word propaganda gemaak, die sogenaamde Radio Freedom, deur middel van straatuitsendings

... / en

en mond-tot-mond boodskappe.

Die Radio Freedom, vanwaar word dit uitgesaai? -- Hoofsaaklik op die oomblik van Zambië af, maar daar is verskeie ander plekke wat hulle ook gebruik.

Het u al geluister na die uitsendings? -- Ja, ek het geluister daarna.

Word hulle gemonitor? -- Hulle word gemonitor, ja.

En die ander propaganda middele, wat gebruik hulle, wat hulle ingesmokkel het en wat per pos inkom? Wat is hoofsaaklik die propaganda middele? -- Ek verstaan nie heeltemal die vraag nie.

Waarvan word gebruik gemaak? Boeke, tydskrifte? -- Dit is pamflette, boeke, tydskrifte, biljette, aanplakbiljette, enige vorm van lektuur.

Maak die ANC ook gebruik van 'n mondstuk? -- Ja, dit is 'n amptelike dokument, byvoorbeeld die Sechaba. Dit is 'n amptelike orgaan van die African National Congress.

Waar word dit gedruk en uitgegee? -- Aanvanklik was dit in Dar-es-Salaam gepubliseer en in Oos-Duitsland gedruk. Tans word dit in Lusaka gepubliseer en in Oos-Duitsland gedruk. Dan word dit hoofsaaklik van een van hulle politieke vleuel se hoofkantoor in Londen versprei, maar dit is ook beskikbaar van verskeie ander lande.

Dan sê u word daar ook baie pamflette versprei? -- Pamflette word feitlik op 'n gereelde grondslag versprei, hetsy net deur middel van, soos ek sê deur die pos of deur middel van die sogenaamde ideologiese bommetode en verskeie ander.

Kan u miskien net 'n bietjie meer van die ideologiese bommetode vir ons vertel? -- Dit is 'n baie eenvoudige ontwerp, waar meganisme in die bodem van 'n - gewoonlik 'n plastiese emmer geplaas word wat 'n ontstekingsmeganisme het asook 'n

... / plofstof

plofstof. Gewoonlik maak hulle gebruik van buskruit. Die pamflette word bo-op hierdie meganisme geplaas. Sodra dit dan afgaan deur middel van die tydmeganisme, word die pamflette versprei. Gewoonlik word dit geplaas op strategiese plekke en die idee is maar net om aandag te trek ten einde die publiek die pamflette te laat optel en te lees.

Ek wil net terugkom weer na die geweldhede. U sê daar het 'n eskalasie van geweld na die inkoms van die eerste opgeleide lede. -- Dit is korrek. Ek het statistiek beskikbaar om te wys hoe die eskalasie gevorder het, indien nodig, maar daar is nog steeds eskalasie.

Ons kan dit maar laat. Kan u vir die Hof sê waarop word hoofsaaklik gekonsentreer in hierdie gewelddadige aanslae? -- Die aanslae konsentreer hoofsaaklik op Staatsgeboue, Staatsinstellings of semi-Staatsinstellings, nywerheidsinstellings ten einde die ekonomie lam te lê, die eliminering van Staatsgetuies.

As u nou sê Staatsgetuies, is dit getuies wat in enige gaan getuienis gee? -- Nee, Staatsgetuies wat in sake van hierdie aard getuig, met ander woorde Wet op Terrorisme.

Veral vorige lede van die ANC wat dan agterna ... -- Dit is korrek. Dan ook die eliminering van lede wat binne die stelsel werk.

Wat se lede? Kan u dit miskien net duidelik stel? -- Byvoorbeeld lede van die Kwa-Zulu Regering.

Binne watter stelsel werk? -- Wel, binne die Suid-Afrikaanse opset en dan ook uitwissing van lede van die veiligheidstak.

Veiligheidspolisie? -- Dit is korrek, ja.

Die instellings wat nou hoofsaaklik teikens is, watter is eintlik die primêre teikens? -- Hoofsaaklik polisiestasies en sogenaamde Bantoe-Administrasie-kantore.

... / Wat

Wat omtrent die nywerheidsafdeling? -- Spoorlyne en padverbindings is natuurlik ook 'n belangrike teiken.

Elektriese installasies? -- Elektriese installasies, soos Evkom ensovoorts. Dit val eintlik onder die nywerheidsinstelling.

U het 'n bundel voorberei van sekere dokumente van die ANC waarna u wil verwys in u getuienis? -- Dit is korrek.

Kan u vir ons verduidelik hoe u hierdie bundel saamgestel het? -- Die bundel is saamgestel uit 'n paar pamflette en dan ook onder andere die mondstuk van die ANC. Waar ek na 'n pamflet verwys het ek die fotostaat gemaak van die hele pamflet. Ek is in besit van die oorspronklike, as daarna gekyk wil word. Die pamflette is dan in sy geheel afgeneem, maar as daar verwys word na byvoorbeeld uit die Sechaba, dan het ek net 'n afdruk gemaak van 'n besondere artikel waarna verwys wil word, maar uit die aard van die saak word daar miskien net na een passasie verwys. Ek het dit in sy geheel afgeneem, ten einde dit in behoorlike konteks te plaas.

Waar die artikel is, het u ook die dekblad van daardie spesifieke Sechaba dan daar ingesit? -- Dit is korrek.

In die dokument het u ook 'n indeks van die verskillende Sechabas waarna u verwys? -- Ja, 'n indeks van die verskillende dokumente waarna ek verwys.

Dit handig u in as BEWYSSTUK KK? -- Dit is korrek.

Die eerste dokument daarso, watter dokument het u daar? -- Dit is die dokument Operation Mayibuye waarna ek reeds (1363) verwys het. Dit is op bladsy 1 van hierdie bundel.

U het reeds na hierdie dokument verwys insake daardie gebeure by Rivonia. Kan u net vir ons uitlees die eerste deel daarvan? -- "Part 1 - The White state has thrown overboard every pretence of rule by democratic process. Armed to the teeth it has presented the people with only one choice and

... / that

that is its overthrow by force and violence. It can now truly be said that very little, if any, scope exists for the smashing of White supremacy other than by means of mass revolutionary action, the main content of which is armed resistance leading to victory by military means. The political events which have occurred in the last few years have convinced the overwhelming majority of the people that no mass struggle which is not backed up by armed resistance and military offensive operations, can hope to make a real impact. This can be seen from the general mood of the people and their readiness to undertake even desperate and suicidal violent campaigns of the Leballo type. It can also be gauged by their reluctance to participate in orthodox political struggle in which they expose themselves to massive retaliation without a prospect of hitting back. We are confident that the masses will respond in overwhelming numbers to a lead which holds out a real possibility of successful armed struggle." Ek kan miskien net hier noem dat volgens die ANC het elke fase van die sogenaamde nie-geweldddadige stryd 'n rol gespeel in die kondisionering of rewolusionêre bewusmaking van die massas. "Thus two important ingredients of a revolutionary situation are present :

(a) A disillusionment without constitutional or semi-constitutional forms of struggle and a conviction that the road to victory is through force;

(b) A militancy and a readiness to respond to a lead which holds out a real possibility of successful struggle.

In the light of the existence of these ingredients the prosecution of military struggle depends for its success on two further factors :

(a) The strength of the enemy. This must not be looked at statically, but in the light of objective factors,

... / which

which in a period of military struggle may well expose its brittleness; and

(b) The existence of a clear leadership with material resources at its disposal to spark off and sustain military operations.

The objective military conditions in which the movement finds itself makes the possibility of a general uprising leading to direct military struggle an unlikely one. Rather, as in Cuba, the general uprising must be sparked off by organised and well prepared guerilla operations during the course of which the masses of the people will be drawn in and armed.

We have no illusions about the difficulties which face us in launching and successfully prosecuting guerilla operations leading to military victory. Nor do we assume that such a struggle will be over swiftly."

COURT : How much of this do you want read out?

MNR. JACOBS : Ek dink hierdie deel 1 is belangrik.

HOF : Ek weet nie presies of daar twis is oor hierdie of wat ook al nie, maar is dit nie beter om eers die gevolgtrekking te kry van al hierdie dokumente volgens die kolonel nie? Dit is moontlik dat mnr. Unterhalter geen twis het nie. Hier is dokumente, hulle is blykbaar van die ANC oorspronklik.

Mr Unterhalter, do you want all this read out?

MR UNTERHALTER : No. My Lord. As I understand the law, once it is connected with the ANC of which they are alleged to be members it is prima facie evidence against the accused in terms of the Act.

COURT : The point is that I do not want to sit here and have a hundred and one pages read out. Do you, Mr Unterhalter?

MR UNTERHALTER : No, My Lord.

COURT : I take it that the prosecution wants to draw a certain

... / conclusion

conclusion from these documents. Let your witness draw the conclusion. The documents are before us, they are before counsel and they are part of the record. It is not necessary to read them into the record. They form part of the record now. That is the whole of this exhibit.

MNR. JACOBS : Kolonel, die dokument is dan nou voor die Hof. Kan u net vir ons sê sekere passasies hierso - miskien net die Hof se aandag op die passasies dan vestig. Dan kan ons miskien net daarop, sonder om dit uit te lees, uitstip wat belangrik (1368) mag wees. -- Ja, om die Hof te help op bladsy 4 byvoorbeeld (1370) die rol van die politieke vleuel. Dit gaan oor na bladsy 5. (1370) Bladsy 5 weer eens, daar onder die kopstuk "The preparation for equipping the initial force envisaged in 1 above will take place in three stages." Dan die verskillende fases.

Veral dan is belangrik daardie "preparation for equipping the initial force." Dit is belangrik? -- Dit is korrek.

(1371) Op bladsy 6? -- Ja, daardie twee, die tweede en derde (1371) bo-aan bladsy 6.

(1372) En dan ook onderaan bladsy 6? -- Onderaan bladsy 6 (1372) dink ek is baie belangrik. Daar praat hulle van "Selection of targets to be tackled" en dan gaan dit oor na bladsy (1372) 4 toe "strategic road links, power stations, police stations, major industrial installations, irredeemable Government stooges, etc." Weer eens in die middel van die bladsy "Political authority."

En daar onder die laaste paragraaf "Logistics Department"? -- Dit is korrek. "To manufacture and build up a stock of arms." (1374) Dan op bladsy 8 "Miscellaneous - Immediate duties of the High Command." Dan word daar gepraat van "Mkonto we Sizwe units." (1375) Dan ook op bladsy 9, daardie vierde paragraaf "Organisation of areas, organisers and setting up of proper MK machinery." Dit verwys na Mkonto we Sizwe. Dit is die afkorting van Mkonto

(1376) we Sizwe. Dan bladsy 10, dit is die Sechaba. Dan het ek net een bladsy daarvan gemaak waar hulle sê "What is the Sechaba" (1377) op bladsy 11.

HOF : Al hierdie dokumente is dokumente van die African National (1377) Congress? -- Dit is korrek. Bladsy 11 is net waar 'n uiteensetting gegee word van wat is die Sechaba. (1379)

MNR. JACOBS : Dan oorslaan na bladsy 13 toe? -- Ja, onder die kopstuk "Vital new phase", die eerste en tweede paragrafies. (1380) Dan op bladsy 14 onder die kopstuk "Who are our enemies?" die (1381) eerste, tweede en derde paragrawe daar. Bladsy 15. Daar is 'n kort geskiedenis van Oliver Tambo, die huidige president van die ANC.

Dan op die linkerkantste kolom "What are we to do?", die tweede paragraaf, is dit van belang? -- Ja, dit is ook van belang.

Waaroor gaan dit? -- "Special responsibility in the revolution will rest on our splendid youth who have already shown that they are capable of great deeds."

(1383) (1383) (1382) Kan u na bladsy 17 toe gaan? -- Bladsy 17 - bladsy 16, die (1383) linkerhandse kolom die vierde paragraaf. Bladsy 17 is een van die pamflette wat deur middel van die ideologiese bommetode versprei is wat 'n uittreksel is van die Ngorogorokonferensie wat handel oor "guerilla warfare", waar hulle dit beskryf ensovoorts.

Ek dink, miskien om dit kort te sny, ek sal die ander maar in argument gebruik. Dit is, soos die Hof sê, voor die Hof.

HOF : As u dan al hierdie saamvat, is dit u konklusie, afgesien van ander aspekte, dat hulle geweld wou gebruik om die Regering omver te gooi? -- Dit is korrek.

MNR. JACOBS : Dan is daar net twee aspekte wat ek wil hê. Was daar verwys in enige van die dokumente van die ANC na Moroka en Orlando, die aanval daarop? -- Ja, die ANC maak

... / natuurlik

natuurlik, soos ek reeds gesê het, geweldig gebruik van propaganda.

HOF : Daar is 'n stuk daar wat sê hoe suksesvol was hulle? -- Verskeie artikels wat hulle dan gebruik en waar hulle dan aanvaar dat hulle verantwoordelik is vir die aanvalle op die polisiestasies.

My oog het net geval, seker mnr. Unterhalter s'n ook, op die Moroka polisiestasie. Is dit reg? -- Dit is korrek.

So kry 'n mens verskillende voorbeelde daarvan in hierdie pamflette? -- Korrek en dan ook waar hulle sekere persone geëlimineer het. Daar is ook artikels daaroor.

MNR. JACOBS : U het gemeld omtrent die getuies wat in ANC verhore - of verhore waarin lede van die ANC verskyn 'n teiken is. Het u 'n dokument daaromtrent hierin? -- Ja, daar is een omtrent Leonard Nkosi, Abel Mthembu wat getuies was, Leonard Nkosi was ook 'n lid van die veiligheidstak. Dan is daar ook een oor 'n persoon wat hulle genoem het Stephen Mtjali wat beseer is.

Is hier 'n dokument in van impi's of iets van die aard en kan u net ons aandag daarop vestig? -- Ja, op bladsy 57 (1424) waar hulle foto's plaas van persone wat as verraaiers beskou word en geëlimineer moet word.

Is daar van hulle wat getuienis gegee het in vorige sake en wat nou hier as teikens genoem word? -- Ja, as ek reg kan onthou is daar vier van hulle, ten minste vier van hulle wat reeds getuienis gegee het.

En word die foto's van hulle nou versprei? -- Hierdie dokument is wyd in die Republiek versprei.

Met watter doel? -- Dit is ooglopend met die doel om uit te wys aan die massas dat hierdie persone verraaiers is en elimineer moet word.

HOF : Dit is natuurlik ook om ander mense te intimideer? --

.../ Hoofsaaklik

Hoofsaaklik intimidasie.

MNR. JACOBS : Die dokumente wat hierin is, is dit ware afskrifte van die oorspronklikes? -- Dit is korrek.

Die oorspronklikes is in u besit. In die aansoek om besonderhede het die verdediging sekere inligting gevra en is inligting verskaf van sekere lede wat ons beweer die ANC is. Ek wil verwys na die name en kan u net kortliks vir ons sê wat hulle is. Daar word genoem Joe Slovo? -- Joe Slovo is 'n gelyste kommunis. Hy is 'n lid van die rewolusionêre raad van die ANC en soos ek reeds gemeld het, is hy die adjunk-bevelvoerder van Mkonto we Sizwe en is hy te Matola gesetel waar hy die beplanning en inval in die Republiek koördineer.

Oliver Thambo het u ook reeds genoem? -- President van die ANC en natuurlik ook van die rewolusionêre raad.

Joe Modise? -- Joe Modise is the bevelvoerder van Mkonto we Sizwe.

Is dit nou Joe Slovo se hoof? -- Dit is korrek.

Alfred Nzo? -- Hy is die sekretaris-generaal van die ANC.

Yusuf Dadoo? -- Gelyste kommunis, voorsitter van die Suid-Afrikaanse Kommuniste Party, dien op die rewolusionêre raad van die ANC.

Moses Mobadi? -- Dit is waarskynlik Mobida. Hy is die sekretaris-generaal van die Suid-Afrikaanse Kommuniste Party en dan is hy ook die hoof-politieke kommissaris van die African National Congress.

Peter Roboroko? -- As ek reg onthou is hy die veiligheidshoof van Mkonto we Sizwe.

Max Sizulu? -- Hy is die seun van Walter Sizulu en hy is die tipe van skakelbeampte vir terroriste wat in- en uitgaan.

Stephan Fanie Mafoko? -- As ek reg onthou was hy een van die persone wat doodgeskiet is in die Silverton beleg.

... / David

David Linda Mampane? -- Hy was gearresteer te Oos-Transvaal, 'n opgeleide terroris.

Eddie Bafana Khumalo? -- Hy was saam met eersgenoemde Mampane gearresteer.

Johnson Lubisi? -- Hy was 'n beskuldigde in die Silverton Bank-belegsaak.

Naphtali Manana? -- Ook 'n beskuldigde.

Petrus Mashigo? -- Dieselfde, beskuldigde.

Benjamin Taou? -- Ook 'n beskuldigde.

Norman Yengeni? -- Hy was een van dié wat saam met die twee wat ek reeds genoem het, gearresteer is.

Hierdie mense wat gearresteer is in hierdie sake, was hulle lede van die ANC? -- Dit is korrek.

Edward Mbundu? -- Hy was die vierde persoon wat gearresteer was.

Moses Molebatsi? -- Hy was 'n beskuldigde in die saak, as ek reg onthou.

Grant Shezi? -- Baie beslis 'n beskuldigde in die Bank-belegsaak.

Siphiwe Nyanda (alias Gebuza)? -- Hy is in bevel van die sogenaamde Transvaal-masjinerie van Mkonto we Sizwe. Hulle noem dit die "Transvaal Machinery" en so het hulle verskillende ... (Mnr. Jacobs kom tussenbei)

Wat is Transvaal Masjinerie? -- Dit is die mense wat in Transvaal opereer.

Jeremiah Radebe? -- Hy was 'n beskuldigde in die bank-belegsaak.

Hierdie mense wat u hier genoem het, behalwe die beskuldigdes, waar opereer hulle? Kan u vir die Hof miskien sê? -- Uit die aard van die saak is die hoofkantoor van die ANC in die buiteland gesetel en al hierdie persone wat ek genoem

... / het

het, opereer vanuit die buiteland van verskillende kantore, maar hoofsaaklik van Lusaka. Natuurlik ook Tanzanië.

Ek wil u net verwys na BEWYSSTUKKE D EN E. Dit is reeds by die Hof ingehandig. Dit is pamflette. Daar is afdrukke van pamflette waaroor later nog getuienis sal kry. Op sekere van daardie pamfletjies word verwys na Botlokwa of iets van die aard. -- Botlokwa is natuurlik in Noord-Transvaal gesetel en is in die Soekmekaar polisiewyk en daar het verskuiwings plaasgevind, hervestigings. Dit kom in een van die Sechabas ook voor waarin daarna verwys word en wat geweldig uitgebuit word.

Een van die Sechabas in BEWYSSTUK KK? -- Dit is korrek.

HOF : Wat is hierdie onderste een? -- Dit verwys na die Maritzburg Comrades. Dit is die Seketi-saak. Ek dink Regter Hefer het die saak hanteer. Daar verwys dit na geweldige probleme wat daar in die hof was en daar was ook 'n veldtog gewees vir die ontslag van daardie persone. BEWYSSTUK E "Support ANC and Mkonto we Sizwe", dit is vanselfsprekend. "Remember June 1976." Dit word natuurlik as 'n herdenkingsdag gebruik. Dit was die Soweto onluste gewees en dan word daar ook verwys na "Mahlangu." Mahlangu was die persoon wat betrokke was by die sogenaamde Goghstraat-moord in 1977 en wat toe in 1979 - wel hy was tot die dood veroordeel en toe opgehang in 1979. Daar was ook 'n geweldige veldtog vir sy vrylating en sy dood word ook jaarliks herdenk.

MNR. JACOBS : Dan net een ding om af te sluit. U het gesê die opdragte is hoofsaaklik in Luanda. Wat van Maputo in Mosambiek? -- Ja, soos ek gesê het die inval word hoofsaaklik te Matola beplan deur Joe Slovo en die persone wat inkom opereer hoofsaaklik daarvanaf.

HOF : Dit is nou hier in Maputo? -- Maputo.

... / MNR. JACOBS

MNR. JACOBS : Miskien kan u net vir ons een ding opklaar of miskien weet u daarvan. U het genoem verskillende groepe kom in en elkeen het 'n verskillende taak. Een kom en hy maak die skuilplek. Die ander een bring die wapens. Een kom - die volgende groep kom en hy doen weer iets anders. Kan u vir die Hof sê hoe vind koördinasie plaas tussen die groepe dat hulle presies kan weet waar om die betrokke skuilplek te kry? Daar is sekere metodes wat hulle gebruik? -- Daar word gebruik gemaak van die sogenaamde "Dead Letterbox" metode. Dit is 'n eenvoudige metode waar 'n teken gelaat word, byvoorbeeld teen 'n boom word daar iets opgeplak, want die persone wat inkom verduidelik natuurlik waar die plek is, maar ten einde dit maklik te maak vir die persoon om die skuilplek vanaf 'n afstand te sien, word daar gebruik gemaak van die metode om dan iets teen die boom vas te plak. Die "Dead Letterbox" metode is eenvoudig 'n metode waar daar 'n spesifieke plek, 'n boodskap gelaat word en weer eens 'n teken gegee word van waar die boodskap gelaat is.

CROSS-EXAMINATION BY MR UNTERHALTER : Colonel, may I question you in English? -- Ek het geen beswaar nie.

I gather from your evidence that you made a very careful and deep study of the African National Congress? -- Dit is korrek.

And you follow developments from time to time so that you are always up to date? -- Ek bly deurgaans op hoogte. Dit is korrek.

Would it be correct to say that the ANC is described outside this country as the National Liberation Movement? -- Dit is korrek. 'n Mens kan miskien verder gaan deur te sê dat die ANC wat hulle noem die "vanguard organisation" is waardeur alle sogenaamde "liberation movements" moet werk.

It is recognised in South Africa too as a National Liberation

... / Movement

Movement by people who may not reveal their support openly, but acknowledge it? -- Daar word verwys na die ANC as 'n sogenaamde "liberation movement" wat die Swartes moet bevry.

In sofar as outside this country is concerned, there is in fact a form of international recognition of the African National Congress, is there not? -- As daar gepraat wôrd van die VN, hulle het sitting op die VN, hulle het status by die VN, waarnemingstatus.

That is really what I am referring to. -- Dan kan 'n mens so sê, ja.

And it has been embodied in a number of resolutions taken by the United Nations, this recognition of the ANC as an international - as a national liberation movement? -- Ja, ek dink die VN gaan verder. Daar is verskeie resolusies wat die VN byvoorbeeld geneem het wat in ooreenstemming is met ANC optrede, byvoorbeeld boikotte, isolasie van die RSA en ook hulp wat verleen word in die vorm van finansiële bydraes wat die VN aan hulle verleen.

Really to summarise your evidence in respect of the ANC, it amounts to this that as between the ANC and the South African Government, there is a state of war? -- Dit is wat hulle sê. Ek glo nie ons kan sê daar is 'n oorlog nie, baie beslis nie, want op hierdie stadium is dit nog maar in die tweede fase. Die einddoel, soos ek reeds gesê het, is die omverwerping van die Staat in 'n gewelddadige rewolusie, maar op die oomblik is dit 'n geval dat die rewolusionêre klimaat geskep moet word sodat die massas die ANC moet aanvaar wat moet uitloop tot 'n rewolusie.

But in addition to that in respect of any acts that are carried out in this country, that is part of waging of a war, is it not? -- Nee, op die oomblik sal' ek nie so ver gaan nie.

... / Dit

Dit is maar net dade van terreur ter ondersteuning van die propaganda wat gemaak word, soos ek reeds gesê het ter skepping van die klimaat. Daar is beslis nog nie 'n oorlog aan die gang nie. Daar is nog nie oorgegaan tot guerilla-oorlogvoering as sodanig nie.

As far as the organisation is concerned, you described the revolutionary council and you have given references to various people who are in command. Does that mean there is a kind of army structure operating outside this country, chain of command from a senior to a junior officer and then to a soldier? -- Op die oomblik, daar is so 'n struktuur geskep by die Morogoro-konferensie in 1969. Ek is nie 'n Weermag- of 'n militêre persoon nie, maar 'n mens kan dit miskien so noem, hoewel vir die huidige gaan dit hoofsaaklik oor opgeleide persone wat ingestuur word om dade van terreur te kom verrig deur spesifieke persone, lede van die rewolusionêre raad.

In other words, orders are given to them and they are expected to obey those orders and they do obey those orders? -- Dit is korrek.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

HERMANUS DANIËL STADLER, nog onder eed

CROSS-EXAMINATION BY MR UNTERHALTER (continued) : Colonel, at the adjournment, I have put a question to you and suggested that there was a war situation as between the ANC and the South African Government and I rather understood from what you said that you did not quite agree with my suggestion. Did I follow you correctly?

COURT : You did follow him. He did not agree that there was a in whatever sense you are using it.

MR UNTERHALTER : I want to read to you something that you said

... / in

in a previous trial of a similar nature, what we call the Soekmekaar trial. You remember it, S v LUBISI AND OTHERS before His Lordship De Villiers, J. -- Korrek.

We have the record here and at page 162 you are being questioned about certain aspects in regard to propaganda and then you say at about line 19 the following "Ons moet aanvaar dit is 'n oorlog. Ons bevind ons in oorlogsituasie en onder daardie omstandighede, die mense bedryf 'n oorlog, daarom moet hulle die moraal van die mense hoog hou." You did say that, did you not? -- Dit is korrek, maar die vraag was hier gewees 'n totale oorlog. Daar het dit gegaan oor 'n oorlogsituasie. Ook oor propaganda. Dat hulle propaganda gebruik daarvoor.

I take it that from your knowledge of the structure of the ANC and the command structure, if orders are given, they have got to be obeyed and if they are not obeyed, the people will be punished for disobedience? -- Ek weet nie of hulle gestraf gaan word as hulle dit nie uitvoer nie. Daar is van die persone wat nie opdragte uitgevoer het nie en wat oorgeloop het byvoorbeeld.

But ordinarily there is a responsible person who can control his people by these orders? -- Daar is 'n persoon in beheer, maar ek glo nie dat in so 'n situasie waar 'n persoon ingestuur word om 'n sekere taak te kom verrig en hy kan nie die taak verrig as gevolg van sekere omstandighede nie, dat hulle hom eintlik verkwalik dat hy gestraf gaan word daaroor nie.

One other aspect, you are aware of the Geneva Conventions are you? -- Ja.

And you agree, do you not, that there was a protocol number one to the Geneva Conventions in 1978? -- Dit is korrek.

... (mechanical defect) ... liberation movements? -- Dit is wat hulle graag wil hê.

... / And

And it is also correct that Oliver Thambo who, as you say, is the president of the African National Congress, notified the International Red Cross of the African National Congress's adherence to that additional protocol? -- Dit is korrek.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE.

- - - - - - - - - - -

... / MNR. JACOBS

